

NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 10 SEPTEMBER 2012 BY DIE JOH OTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter

DD Fourie
Tel 012 5671776

Sekretaris

HB Groenewald
Tel (012) 6547438
of 0834694349
E-pos :herman.groenewald@lantic.net
Faks: 0867508692

Tesourier

LC De Jager
Tel 072 4806801

1.0 Opening

- 1.1 Louwtjie de Jager open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.
- 1.2 Aangesien 'n kworum nie teenwoordig is nie word daar ooreenkomstig die bepalings van die Konstitusie die neergelegde tyd gewag alvorens daar met die vergadering begin kon word.

2.0 Teenwoordig.

- 2.1 DD Fourie (Voorsitter), LE Weyer (Visie-voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), JJ Champion, NL Greyling, MT Mey, S Tayob en I Weyer.
- 2.2 Verskoning:
SH Erasmus, F Du Preez, RM Heunis, DWJ Jacobsz, P Serfontein, C Snyman en JPA Spangenberg.

3.0 Nuwe lede.

- 3.1 Aansoek om lidmaatskap is vanaf Peter R Frost (Gloster Kanaries) ontvang. Die aansluitingsfooi en ledegeld is betaal en die aansoek word goedgekeur.
- 3.2 Kennis word geneem dat Klaas van Ruler op 6 September 2012 begrawe is.

4.0 Lief en Leed

- 4.1 Die volgende lede herdenk hul geboortedag gedurende September en gelukwense word aan hulle oorgedra:
Buks Grobbelaar (10de), C Snyman (18de), RJ Coertze (28ste) en LE Weyer (29ste).

5.0 Fondsinsameling.

- 5.1 Die lede van Gloster Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die Oktober maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

- 6.1 Die notule van die Augustus 2012 maandvergadering word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Advertensie vir items te koop/verkoop.

- 7.2.1 Les Weyer het fronte vir alle grootte skouhokke te koop.
- 7.2.2 Dave Fourie het sagtekos bakkies beskikbaar teen R3,00 elk.

7.3 Nasionale Skou 2013. (11 tot 13 Julie)

- 7.3.1 Kennis word geneem dat al die looitjie lyste van lede van hierdie klub vir die bande terug ontvang is.
- 7.3.2 Die eerste skoukomitee vergadering het op 18 Augustus 2012 by die Hoërskool Waterkloof plaas gevind. Twee komiteelede van hierdie klub het die vergadering bygewoon. Die vergadering het in goeie gees plaasgevind. Die

7.3.2 volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 13 September 2012 by die woning van Herman Groenewald, Jim vd Merwestraat 73, Clubview-Oos. Die Voorsitter sal die vergadering in die plek van Francois Du Preez bywoon. Die volgende skrywe is sedertdien vanaf hierdie klub se Skoubestuur (Francois Du Preez) ontvang:

“Dit is met misnoë dat ek u moet inlig dat ek genoop is om my asook my eggenote se betrokkenheid by die reëlings rondom 2013 se Nasionale Skou te moet onttrek. Daar is bepaalde aspekte wat te riskant is en wat vorentoe moontlik ‘n verleentheid vir my vrou en uiteraard dus ook vir my kan word, hoofsaaklik a.g.v. ons beperkte betrokkenheid. Verder sal die skool ook nie meer beskikbaar wees vir die skou nie, my vrou het reeds die skool dienoooreenkomstig ingelig. Ek sal tydens die volgende maandvergadering van PKVK, indien dit verlang word, meer inligting oor die besluit kommunikeer.”

Die volgende skrywe is vanaf die Indaba Nyoni Klub oor die aangeleentheid ontvang:

“Ek skryf om u mee te deel dat dit onder ons aandag gekom het dat die Skoubestuurder van u Klub besluit het om sy betrokkenheid by die skoureëlins te onttrek en dat die Hoërskool Waterkloof nie meer beskikbaar is vir die skou nie. Daar is ook gemeld dat daar bepaalde aspekte is wat riskant is en wat vorentoe ‘n verleentheid vir hom en sy eggenote kan wees hoofsaaklik agv hul beperkte betrokkenheid.

Dit is nie duidelik waarom hy tot hierdie besluit gekom het nie. As komiteelede is hy en sy eggenote ten nouste gemoeid met die reëlins en is hul betrokkenheid nie beperk nie. Dit is ook vir hierdie klub onaanvaarbaar dat die Skoubestuurder van u Klub ‘n eensydige besluit geneem het om die huur van die saal te kanselleer sonder om sy eie klub en die van die ander klubs in die saak te ken. Tydens die eerste skoukomitee vergadering wat gehou was, was hierdie aspekte nie ter sprake nie. Die vergadering het in goeie gees afgeloop en al die lede teenwoordig het ‘n waardevolle bydrae gelewer.

Hierdie Klub het verlede jaar aansoek gedoen om die Nasionale Skou 2013 aan te bied en dit is goedgekeur deur die Provinsiale liggaam asook die Raad. Uitnodigings is daarna aan u klub, Gloster en Posture Kanarieklub, Jakaranda Skoubudgie Vereniging, Transvaal Zebra Finch Society en die Gouldian Finch Society gerig om deelname. Al die klubs het die uitnodiging aanvaar. Die drie klubs in Pretoria is derhalwe soos in die verlede betrek om op die skoukomitee te dien.

Aangesien die skou aan hierdie klub toegeken is, is hier klub verantwoordelik vir alle reëlins betreffende die skou asook die kies van die Nasionale Skou se bestuur. In hierdie verband verwys ek u graag na paragraaf 26.3 van die Blou Boek wat soos volg lees:

“The Club holding the National Champion Show shall be responsible for all arrangements, including but not limited to finance.”

‘n Uitnodiging is ontvang dat die Hoërskool Waterkloof bereid is om sy saal vir die duur van die skou beskikbaar te stel en na besoek aan die terrein van die skool is daar ‘n mondelikse ooreenkoms met die verteenwoordiger van die skool aangegaan om die aanbod te aanvaar en is daar ooreengekom oor die huur van die saal. In hierdie verband kan gemeld word dat ‘n mondelikse ooreenkoms wetlik afdwingbaar is. Die Raad is hierna ooreenkomstig die bepalings van die Blou Boek verwittig dat die skou by die Waterkloof Hoërskool aangebied sal

word en dit is as sulks in die notule van die Raad genotuleer vir kennisname deur alle klubs landwyd.

Aangesien al die reëlins vir die huur van die saal by die skool gefinaliseer is, is uitgawes reeds in goedere trou aangegaan om drukwerk vir die skou te doen en is verskeie borgskappe verkry van instansies in die omgewing van die skool.

Hierdie klub is van mening dat die eensydige optrede van u Skoubestuurder die goeie beeld van u klub en die bedryf in sy geheel skade betrokke het. Ons lede wil nie graag die goeie verstandhouding wat daar bestaan vertroebel nie maar ongelukkig het hierdie optrede 'n bitter smaak veroorsaak.

U kommentaar oor die aangeleentheid sal hoog op prys gestel word.”

Die aangeleentheid word daarna in diepte bespreek. Dit is die algemene gevoel dat die Indaba Nyoni Klub reg opgetree het met die verkiesing van die Skoubestuur vanweë die feit dat dit aan hulle toegeken is. Al die klubs betrokke in Pretoria is betrek met die komitee vir die afhandeling van die skouereëlins. Dit is ook die mening dat die Skoubestuurder van hierdie Klub buite sy mandaat opgetree het om die saal eensydig te kanselleer sonder om dit met sy eie klub uit te klaar. Hierdie optrede het hierdie klub baie skade aangedoen. Daar word besluit om 'n paslike skrywe in hierdie verband aan hom te rig.

Daar word eenparig besluit dat hierdie klub verbind is om die skou saam met die ander klubs aan te bied en die volle samewerking in hierdie verband sal gegee word om die skou suksesvol te hou. Indaba Nyoni Klub sal paslik ingelig word.

7.3.3 Daar word besluit dat hierdie klub verantwoordelik sal wees vir die volgende spesies en die beoordelaars word terselfdertyd aangewys:

Kleur Kanaries	W Storbeck
Gloster Kanaries (ope)	G Savage
Gloster Kanaries (B/R)	JPA Spangenberg
Lizard Kanaries	AG Du Toit
Red Factor (ope)	Dr J Botha
Red Factor (B/R)	AT Wiese
Roller Kanaries	LW Blom

Die Yorkshire en Norwich Kanaries sal deur Suikerbosrand geborg word en die Fife Fancy deur Gloster & Posture Kanarieklub. Borgskappe vir Border en Frills moet nog verkry word. Die Sekretaris sal poog om 'n klub te kry wat hierdie seksies sal hanteer.

7.4 Uitloot van mes.

7.4.1 Les Weyer bevestig dat nadat die voorbeeld van die boekie vir die uitloot van die mes aan die klublede by die Augustus 2012 maandvergadering voorgelê en goedgekeur is, het hy met die druk daarvan voortgaan. Die inligting wat daarop verskyn is egter nou foutief as gevolg van die kansellering van die terrein waar die trekking sou plaasvind. Hierdie is 'n vrugtelos uitgawe wat aangegaan is. Daar sal egter gepoog word om 'n regstelling dmv 'n plakkertjie oor die naam van die skool aan te bring en dit te vervang met die perseel waar die skou sal plaasvind. Ondersoek word nog ingestel om geskikte akkommodasie te verkry.

7.5 Webruimte.

7.5.1 'n Koste bepaling oor wat dit sal beloop om 'n bladsy op die webwerf aan SANCBA en NRCBA te verhuur, is nog nie gedoen en die saak staan oor.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestaat vir Augustus 2012 word ter tafel geneem en goedgekeur.

9.0 SANCBA.

- 9.1 Die notule van die vergadering gehou op 6 September 2012 is ontvang en kennis word geneem van die volgende aspekte:
- 9.1.1 Kennis is geneem van die nuwe bestuurslede van hierdie klub.
 - 9.1.2 Meneer PF Campbell is as beoordelaar op die beoordelaarslys vir Red Factor Kanaries geplaas.
 - 9.1.3 Ontvangs word erken van die Skou Katalogus asook die betaling van hierdie klub se affiliasie en ledegeld.
 - 9.1.4 Hennie Wiese is besig om 'n databasis op te stel van alle lede landwyd. Die doel van die basis is om skouskedules van hul skoue per e-pos aan lede van die klubs te stuur en word daar verneem of die klubs bereid is om hul ledelys aan hom beskikbaar te stel. Die klub het geen beswaar teen die voorstel nie en die verlangde ledelys sal aan Hennie Wiese gestuur word.
 - 9.1.5 Kennis is geneem dat 'n ooreenkoms met 'n nuwe ring vervaardigder naamlik MCB Sourcing Specialists aangegaan is. Die ringe is van goeie kwaliteit en bestellings kan by die volgende adres geplaas word: Mike Barnard telefoonnommer 083 4034957 en die e-pos adres is mcb.sourcing@live.co.za. Die koste van die ringe is by bestelling betaalbaar. Dit staan klubs egter steeds nog vry om ringe by Jansens te plaas of om dit in te voer.
 - 9.1.6 Lede van klubs wat begerig is om hul beoordelaarstoetse te doen gedurende November (wildevoëls) en Maart (kanaries) moet so gou doenlik aansoek doen. 'n Aansoekvorm kan van die Sekretaris verkry word.

10.0 NRCBA.

10.1 Die volgende vergadering is op 20 September 2012.

11.1 Korrespondensie.

11.1.1 Geen.

12.0 Algemeen.

12.1 Uitstaande ledegeld.

12.1.1 Daar is nog heelwat lede wie in gebreke gebly het om hul ledegeld vir die jaar te betaal. Die ledegeld was voor die einde van Julie 2012 betaalbaar gewees en beloop R250,00. Paslike skrywes sal aan die betrokkenes gerig word.

12.2 Vergaderplek.

12.2.1 Daar word gemeld dat as gevolg van die feit dat so min lede vergaderings bywoon ernstige oorweging daaraan geskenk word om dit byvoorbeeld op 'n Saterdag by lede se wonings te hou. Dit sal nie slegs 'n geweldige besparing in uitgawes meebring nie maar sal ook samehorigheid in die klub bevorder. Daar word besluit dat hierdie aspek by die volgende vergadering gefinaliseer sal word.

13.0 Afsluiting.

13.1 Die vergadering verdaag om 20:20.

13.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 8 Oktober 2012.

DD Fourie
Voorsitter
8 Oktober 2012.

HB Groenewald
Sekretaris